Kandesartaansileksetil is 'n onaktiewe ester-progeneesmiddel wat tydens absorpsie uit die spysverteringskanaal volledig tot die aktiewe vorm, kandesartaan, gehidroliseer word. Piekplasmavlakke word 3 tot 4 uur na orale toediening bereik. Kandesartaan word nie deur voedsel beïnvloed nie. Kandesartaan is hoogs gebonde aan plasmaproteïene (meer as 99 %). Die oënskynlike verspreidingsvolume van kandesartaan is 0,1 liter/kg. Die serumkonsentrasie van kandesartaan neem lineêr toe met toenemende dosisse binne die bestek van die terapeutiese dosis.
Metabolisme en uitskeiding
Die terminale eliminasiehalfleeftyd is ongeveer 9 uur.
Eliminasie na mondelike toediening:
Renaal - 33 %; Fekaal - 67 %
Kandesartaan kan nie deur hemodialise verwyder word nie. Uitskeiding van kandesartaan geskied hoofsaaklik as die onveranderde stof in die urine en, via die gal, in die feses. Geringe hepatiese metabolisme van kandesartaan geskied deur O-deëtilering om 'n onaktiewe metaboliet te vorm. Plasma-opruiming is ongeveer 0,37 mℓ/min per kg. Renale opruiming is 0,19 mℓ/min per kg.
Farmakokinetika in spesiale populasiegroepe
Bejaarde pasiënte (65 jaar en ouer)
By bejaarde pasiënte neem die piekplasmakonsentrasie en AOK van kandesartaan onderskeidelik toe met ongeveer 50 % en 80 %, in vergelyking met jong volwassenes.
Ingekorte nierfunksie
By pasiënte met ligte (kreatinienopruiming 60-90 ml/min), matige (kreatinienopruiming 30-60 ml/min) en ernstige (kreatinienopruiming 15-30 ml/min) renale inkorting het die piekplasmakonsentrasies en AOK van kandesartaan met herhaalde dosisse toegeneem. By pasiënte met ernstig verswakte nierfunksie was beide die $t_{1/2}$ en die AOK van kandesartaan ongeveer dubbel dié van persone met normale nierfunksie. Geen inligting is beskikbaar oor pasiënte met meer ernstige nierversaking nie, d.i. kreatinienopruiming onder 15 ml/min.
Lewerontoereikendheid
'n Beduidende toename in die gemiddelde AOK van kandesartaan van onderskeidelik 30 % en 145 % is waargeneem by pasiënte met ligte ingekorte lewerfunksie en pasiënte met 'n matige-tot-ernstige lewerfunksie. Daar is geen beskikbare gegewens oor pasiënte met cholestase of ernstige lewerinkorting nie.
AANWYSINGS
ABECARD is aangedui vir ligte tot matige hipertensie. Dit kan óf gegee word as 'n monoterapie óf vir beter doeltreffendheid in kombinasie met ander antihipertensiewe geneesmiddels soos tiasieddiuretika en dihidropiridien kalsiumkanaalblokkers. Hartversaking: Behandeling met **ABECARD** kan mortaliteit en hospitalisasie weens hartversaking verminder en simptome by pasiënte met verswakte linker-ventrikulêre sistoliese funksie (LVEF ≤ 40 %) verbeter.
TEENAANWYSINGS
- Hipersensitiwiteit vir enige van die komponente van **ABECARD**.
- 'n Geskiedenis van angio-edeem vanweë vorige behandeling met AOE-remmers of angiotensienreseptorblokkers (ARBs): Hierdie pasiënte moet nooit weer hierdie medisyne gegee word nie.
- Oorgeërfde of idiopatiese angio-edeem.
- Hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (HOKM).
- Ernstig verswakte nierfunksie (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min).
- Bilaterale nieraarstenose.
- Nieraarstenose by pasiënte met 'n enkele nier.
- Stenose van die aorta.
- Kombinasiebehandeling met kaliumsparende diuretika soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (kyk **INTERAKSIES**).
- Porfirie.
- Litiumbehandeling: Gelyktydige toediening van **ABECARD** kan lei tot 'n toksiese bloedkonsentrasie van litium.
- Swangerskap en laktasie (kyk **SWANGERSKAP EN LAKTASIE**).
- Veiligheid en doeltreffendheid is nie by kinders bepaal nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Waarskuwings
Indien 'n vrou swanger raak terwyl sy ABECARD neem, moet die behandeling onmiddellik gestaak word en na 'n ander klas van antihipertensiewe medisyne oorgeskakel word (kyk KONTRA-INDIKASIES en SWANGERSKAP EN BORSVOEDING).
Spesiale voorsorgmaatreëls
Algemeen
Behandeling met medisyne wat die renien-angiotensien-aldosteroon-kaskade beïnvloed is met akute hipotensie, uremie, oligurie of akute nierversaking geassosieer by pasiënte wie se vaskulêre tonus en nierfunksie hoofsaaklik afhang van die aktiwiteit van hierdie stelsel (bv. pasiënte met ernstige kongestiewe hartversaking of onderliggende niersiekte, waaronder nieraarstenose).
Buitensporige afname in bloeddruk by pasiënte met iskemiese hartsiekte of iskemiese serebrovaskulêre siekte kan lei tot miokardiale infarksie of beroerte.
Hipotensie
Hipotensie kan tydens die behandeling met **ABECARD** by pasiënte met hartversaking en by hipertensiewe pasiënte met intravaskulêre volume-uitputting voorkom. Versigtigheid moet uitgeoefen word wanneer die behandeling begin word en daar moet gepoog word om hipovolemie reg te stel; 'n laer dosis kan ook vereis word (kyk **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).
Nierslagaarstenose
Toenames in serumkreatinien of bloedureum het by pasiënte met eensydige of bilaterale nierslagaarstenose of stenose van die arterie na 'n enkele nier plaasgevind (kyk **KONTRA-INDIKASIES**).
Ingekorte nierfunksie
Veranderinge in nierfunksie kan verwag word by vatbare pasiënte wat behandel word met **ABECARD**.
Periodieke monitering van serumkalium en -kreatinienvlakke word aanbeveel by hipertensiewe pasiënte met swak nierfunksie. Monitering van pasiënte met hartversaking moet periodieke evaluering van die nierfunksie, veral by bejaarde pasiënte en pasiënte met verswakte nierfunksie, insluit. Monitering van serumkreatinien en -kalium word tydens titrasie van die **ABECARD** dosis aanbeveel. Daar is geen ondervinding van die toediening van **ABECARD** by pasiënte met 'n onlangse nieroorplanting nie.
Lewerontoereikendheid
Dit kan oorweeg word om **ABECARD** by 'n laer dosis te begin by pasiënte met matig verswakte lewerfunksie. Geen aanvanklike dosisaanpassing is nodig by pasiënte met effens verswakte lewerfunksie nie (kyk **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**). Geen inligting is beskikbaar oor die gebruik van **ABECARD** by pasiënte met ernstig verswakte lewerfunksie nie.
Hiperkalemie
Die gelyktydige gebruik van **ABECARD** met kaliumsparende diuretika, soutplaasvervangers, kaliumaanvullings of enige medisyne wat kalium kan verhoog in pasiënte, kan lei tot 'n toename in serumkalium by hipertensiewe pasiënte. Aangesien hiperkalemie kan voorkom, moet die serumkaliumkonsentrasies gemoniteer word by pasiënte met hartversaking. Gelyktydige toediening met AOE-remmers of 'n kaliumsparende diuretikum word nie aanbeveel nie (kyk **KONTRA-INDIKASIES** en **INTERAKSIES**).
Hartversaking
ABECARD moet met versigtigheid begin word by pasiënte met hartversaking; hierdie pasiënte het gewoonlik 'n ietwat verlaagde bloeddruk as **ABECARD** aan hulle gegee word en hulle kan moontlik 'n tydelike verlaging in dosis en/of 'n diuretikum en volume-aanvulling benodig.
Narkose en chirurgie
Weens blokkade van die renien-angiotensien-sisteem kan pasiënte hipotensie tydens narkose en chirurgie ervaar wanneer hulle **ABECARD** ontvang. In die geval van ernstige hipotensie kan dit nodig wees om binneaarse vloeistowwe en/of vasopressors toe te dien.
Laktose
ABECARD bevat laktose.
Pasiënte met seldsame oorerflike probleme soos galaktose intoleransie, die Lapp-laktasetekort of glukose-galaktose wanabsorpsie moet nie **ABECARD** neem nie.
Effek op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik
Die uitwerking van **ABECARD** op die vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer is nie ondersoek nie. Wanneer voertuie bestuur word of masjinerie hanteer word, moet dit in ag geneem word dat duiseligheid of swakheid tydens die behandeling kan voorkom.
INTERAKSIES
Kombinasies van enige van die volgende medisyne, afhangende van die hoeveelhede teenwoordig, kan ook 'n wisselwerking met **ABECARD** uitoefen
- Ander antihipertensiewe middels. Die antihipertensiewe effek van **ABECARD** kan versterk word.
- Kaliumsparende diuretika soos spironolaktoon, kaliumaanvullings en soutplaasvervangers wat kalium bevat, kan kaliumvlakke verhoog. By pasiënte met hartversaking, wat behandel is met **ABECARD**, kan hiperkalemie veral voorkom wanneer dit gelyktydig met hierdie medisynes geneem word (kyk **KONTRA-INDIKASIES**).
- Diuretika. Gelyktydige gebruik met **ABECARD** kan 'n toegevoegde hipotensiewe effek hê.
- Litium. Die serumlitiumvlak styg en toksisiteit is met die gelyktydige gebruik aangemeld (kyk **KONTRA-INDIKASIES**).

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Swangerskap (kyk **KONTRA-INDIKASIES**)
Die veiligheid met swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie (kyk **TEENAANWYSINGS**).
Wanneer swangerskap beplan word of bevestig is, moet **ABECARD** gestaak word. Medisyne wat die renien-angiotensien-sisteem affekteer, soos **ABECARD**, kan embrionale toksisiteit, fetale en neonatale morbiditeit en mortaliteit veroorsaak as dit aan swanger vrouens toegedien word. Vrouens in die ouderdomsgroep vir swangerskap moet doeltreffende voorbehoeding verseker.
Laktasie
Dit is nie bekend of **ABECARD** in menslike borsmelk versprei nie. **ABECARD** word in die melk van lakterende rotte versprei. As gevolg van die moontlikheid van 'n negatiewe uitwerking op die suigeling, moet borsvoeding gestaak word indien die gebruik van **ABECARD** as noodsaaklik beskou word.
DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Dosis by hipertensie
Die aanbevole aanvangsdosis van **ABECARD** is 8 mg een keer daagliks. Vir instandhouding is die gewone dosis 8 tot 16 mg een keer daagliks. Die maksimum antihipertensiewe effek word binne 4 weke bereik. By sommige pasiënte by wie die bloeddruk nie voldoende beheer is nie, kan die dosis tot 'n maksimum van 32 mg een keer daagliks verhoog word.
Gelyktydige behandeling
ABECARD kan óf as 'n monoterapie óf in kombinasie met ander antihipertensiewe middels soos tiasieddiuretika en dihidropiridien kalsiumkanaalblokkers, soos amlodipien, gebruik word.
Spesiale pasiëntpopulasies
Gebruik by bejaarde pasiënte (65 jaar en ouer)
Geen aanvanklike dosisaanpassing is nodig vir bejaarde pasiënte met normale nier- en lewerfunksie nie.
Gebruik by kinders
Die veiligheid en doeltreffendheid van **ABECARD** is nie by kinders bepaal nie.
Gebruik by verswakte nierfunksie
Geen aanvanklike dosisaanpassing is nodig by pasiënte met effens verswakte tot matig verswakte nierfunksie nie (d.w.s. kreatinienopruiming ≥ 30 mℓ/min per 1,73 m^2 LOA). **ABECARD** is ook teenaangedui by pasiënte met erg verswakte niere (< 15-30 mℓ/min per 1,73 m^2 LOA).
Gebruik by verswakte lewerfunksie
Die dosis hoef nie by pasiënte met ligte tot matige swak lewerfunksie aangepas te word nie (kyk **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
Daar is geen ondervinding in pasiënte met ernstig verswakte lewerfunksie en/of cholestase nie (kyk **KONTRA-INDIKASIES**).
Gebruik by swart pasiënte
Die antihipertensiewe uitwerking van **ABECARD** kan minder wees by swart as by nie-swart (Kaukasiese, Asiatiese en ander) pasiënte. Gevolglik kan opwaartse titrasie van **ABECARD** en gelyktydige behandeling (soos tiasieddiuretika) meer dikwels nodig wees vir bloeddrukbeheer by swart as by nie-swart pasiënte.
Dosis by hartversaking
Die gewone aanbevole aanvangsdosis van **ABECARD** is 4 mg een keer daagliks met 'n teikendosis van 32 mg een keer daagliks. Dit word bereik deur die dosis teen ongeveer 2-weeklikse tussenposes te verdubbel, soos wat die pasiënt dit kan verdra (kyk **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
Gelyktydige behandeling
ABECARD kan gelyktydig met ander behandelings vir hartversaking, soos AOE-remmers, beta-blokkers, diuretika en digitalis of 'n kombinasie van hierdie medisynes gegee word.
Spesiale pasiëntpopulasies
Bejaardes (65 jaar en ouer)
Geen aanvanklike dosisaanpassing is nodig vir bejaarde pasiënte met normale nier- en lewerfunksie nie.
Kinders
Die veiligheid en doeltreffendheid van **ABECARD** is nie by kinders bepaal nie.
Gebruiksaanwysings
ABECARD kan met of sonder kos geneem word.
NEWE-EFFEKTE
Die volgende newe-effekte kan voorkom
Infeksies en besmettings
Dikwels: Respiratoriese infeksies.
Bloed- en limfstelselversteurings
Minder dikwels: Leukopenie, neutropenie, agranulositose, trombositopenie.
Immuunstelselversteurings
Minder dikwels: Angio-edeem.
Metabolisme en voedingsversteurings
Dikwels: Hiperkalemie.
Minder dikwels: Hipernatremie.
Senuweestelselversteurings
Dikwels: Hoofpyn, duiseligheid/vertigo.
Hartversteurings
Minder dikwels: Angina pectoris, miokardiale infarksie.
Bloedvatversteurings
Dikwels: Hipotensie.
Respiratoriese, borskas- en mediastinumversteurings
Minder dikwels: Faringitis, rinitis, boonste lugweginfeksie, hoes.
Gastro-intestinale versteurings
Minder dikwels: Naarheid.
Hepatobiliêre versteurings
Minder dikwels: Abnormale lewerfunksie, verhoogde lewerensieme, hepatitis.
Vel- en onderhuidse weefselversteurings
Minder dikwels: Urtikarie, pruritus, uitslag.
Muskuloskeletale en bindweefsel-versteurings
Minder dikwels: Hiperurisemie of jig, rugpyn, mialgie, artralgie.
Nier- en urienwegversteurings
Dikwels: Ingekorte nierfunksie.
Minder dikwels: Nierversaking by vatbare pasiënte (kyk **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
Ondersoeke
Minder dikwels: Verhoging in kreatinien, ureum en kalium. Afname in hemoglobien- en hematokritwaardes. Verhoogde lewerensiemwaardes.
BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Die simptome van 'n oordosis **ABECARD** kan duiseligheid, hipotensie en tagikardie wees. Bradikardie kan voorkom as gevolg van parasimpatiese (vagus-) stimulering. Indien simptomatiese hipotensie sou voorkom, moet ondersteunende behandeling ingestel word. **ABECARD** kan NIE deur hemodialise verwyder word nie.
IDENTIFIKASIE
ABECARD 8: Ronde, bikonvekse, ongeveer 8 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C8".
ABECARD 16: Ronde, bikonvekse, ongeveer 8 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C16".
ABECARD 32: Ronde, bikonvekse, ongeveer 10,5 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C32".
AANBIEDING
Pakke met 28 of 30 tablette, verpak in deursigtige PVC/PVDC/Aluminium stulpstroke in 'n kartonhouer.
BERGINGSAANWYSINGS
Berg in die oorspronklike verpakking (stulpstroke in die karton), by of onder 25 °C.
HOU MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
REGISTRASIENOMMERS
ABECARD 8: 46/7.1.3/0231; **ABECARD 16**: 46/7.1.3/0232; **ABECARD 32**: 46/7.1.3/0233
NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKATE
Lasara Traders (Pty) Ltd,
Suite C, Rubenstein Ridge, Rubensteinrylaan 617,
Moreleta Park, 0181
BEMARK DEUR
Forrester Pharma (Pty) Ltd,
13 Pasita Straat, Rosen Heights, Rosen Park, Bellville, 7530
DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
11 Junie 2015
LI0033/15A

INLIGTINGSPAMFLET VIR DIE PASIËNT
SKEDULERINGSTATUS S3
HANDELSNAME (EN DOSEERVORM)
ABECARD 8 ™ (tablette)
ABECARD 16 ™ (tablette)
ABECARD 32 ™ (tablette)
Lees die hele pamflet sorgvuldig deur voordat jy ABECARD begin gebruik.
- Hou hierdie pamflet. Dit is moontlik dat jy dit weer sal wil deurlees.
- Indien jy nog vrae het, vra asseblief jou dokter of apteker.
- **ABECARD** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al is hulle simptome dieselfde as joune.

WAT ABECARD BEVAT
- Die aktiewe bestanddeel is kandesartaansileksetil.
  ABECARD 8: Elke tablet bevat 8 mg kandesartaansileksetil
  ABECARD 16: Elke tablet bevat 16 mg kandesartaansileksetil
  ABECARD 32: Elke tablet bevat 32 mg kandesartaansileksetil
- Bevat 'n suiker (laktose).
- Die ander bestanddele is: natrium-kroskarmellose, hidroksiepropielsellulose, magnesiumstearaat, mieliestysel, triëtielsitraat.

WAARVOOR ABECARD GEBRUIK WORD
ABECARD behoort aan 'n klas van medisyne wat bekend staan as angiotensien-II reseptorblokkers (ARBs). Dit keer dat die bloedvate vernou, waardeur die bloeddruk verlaag en die bloedvloei verbeter.
ABECARD word gebruik om
- ligte of matige hoë bloeddruk (hipertensie) te behandel; of vir
- hartversaking. Hartversaking is 'n toestand waar die hart nie goed genoeg pomp nie. Dit kan lei tot 'n verminderde bloedvloei uit die hart.

VOORDAT JY ABECARD NEEM
Moenie ABECARD neem nie
- indien jy hipersensitief (allergies) is vir die aktiewe bestanddeel in **ABECARD**, of vir enige van die ander bestanddele in die tablet (kyk ook **WAT ABECARD BEVAT**);
- indien jy swanger is, beplan om swanger te raak, of jou baba borsvoed (kyk **Swangerskap en borsvoeding**);
- as jy voorheen angio-edeem met angiotensienomskakelingsensiem (AOE-) blokkers of ARB's gehad het, of hierdie simptome onder enige ander omstandighede gehad het. Sommige tekens kon swelling van die gesig, tong of keel, hyg, veluitslag, intense jeuk, duiseligheid of floute gewees het;
- indien jy 'n geskiedenis van idiopatiese angio-edeem het. Dit is 'n velreaksie wat lyk soos galbulte en dit sluit in swelling van die vel;
- as jy 'n hartsiekte het wat die vloei van die bloed uit die hart blokkeer weens verdikking en verstywing van die wande van die ventrikels (laer-hartkamers);
- jy ernstige nierprobleme het;
- as jy 'n vernouing het van die aortaklep se opening tussen die linkerventrikel (linker onderste hartkamer) en die aorta (die hoofslagaar uit die hart);
- as jy 'n vernouing of verstopping van die bloedvate na beide niere of na 'n enkele werkende nier het;
- as jy watertablette (diuretika) soos spironolaktoon, amiloried of triamtereen neem wat veroorsaak dat jou liggaam kalium terughou;
- as jy porfirie het ('n oorerflike siekte in die metabolisme van die rooibloedsel-pigment, wat die vel of senuweestelsel affekteer); of
- as jy met litium behandel word (wat gebruik kan word vir sielkundige afwykings soos manie).

ABECARD tablette moet nie aan kinders gegee word nie.
Wees versigtig met ABECARD
Vertel jou dokter voordat jy ABECARD neem, as jy
- beplan om swanger te word, of as jy jou baba borsvoed (kyk **Moenie ABECARD neem nie** en ook die belangrike inligting onder **Swangerskap en borsvoeding**);
- ontwater raak (volume-uitputting), byvoorbeeld as jy braking of diarree het, of baie sweet, of as jy 'n beperkte sout-dieet volg of diuretika neem;
- niersiekte het;
- lewersiekte het;
- hoër-as-normale vlakke van kalium in die bloed het; of medisyne neem wat kalium kan verhoog;
- hartversaking het, dit is 'n toestand waar die hart nie genoeg bloed kan pomp om te voldoen aan die liggaam se behoeftes nie;
- geopereer gaan word en narkose (medisyne wat die bewussyn onderdruk tydens operasies) gaan kry; of as jy
- allergies is vir laktose (kyk ook **Belangrike inligting oor sommige bestanddele van ABECARD**).

Inname van ABECARD met kos en drank
ABECARD kan met of sonder kos geneem word.
Vermy alkohol. Alkohol saam met **ABECARD** kan jou bloeddruk verder verlaag en kan veroorsaak dat jy duiselig of lighoofdig voel.
Swangerskap en borsvoeding
Indien jy swanger is, of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgkundige voordat jy ABECARD gebruik.
Jy moet nie ABECARD neem nie
- as jy swanger is, beplan om swanger te raak of indien jy vermoed dat jy swanger is, want **ABECARD** kan jou ongebore baba aantas;
- indien jy jou baba borsvoed.

Let wel
Jy moet onmiddellik jou dokter, apteker of professionele gesondheidsorgkundige inlig as jy **ABECARD** neem en jy vermoed dat jy swanger is. As dit bevestig word dat jy swanger is moet jy so gou moontlik ophou om **ABECARD** te neem. Jou dokter sal 'n ander medisyne voorskryf om jou bloeddruk te beheer.
Vroue in die ouderdomsgroep vir swangerskap moet doeltreffende voorbehoeding verseker.
Bestuur en gebruik van masjinerie
ABECARD kan jou duiselig of lighoofdig laat voel.
Moenie motor bestuur, masjinerie of gereedskap hanteer, of enigiets anders wat gevaarlik kan wees doen nie, totdat jy weet hoe jy op **ABECARD** reageer.
Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van ABECARD
ABECARD bevat laktose (melksuiker). As jy 'n seldsame oorerflike onverdraagsaamheid vir suikers het, lig jou dokter in daarvan; jy moet dan nie **ABECARD** neem nie.
Die gebruik van ander medisyne met ABECARD
Lig altyd jou professionele gesondheidsorgkundige in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit in komplementêre of tradisionele medisyne).
Maak veral seker dat jou dokter weet dat jy die volgende neem
- litium (kyk hierbo by **Moenie ABECARD neem nie**);
- ander medisyne om jou bloeddruk te verlaag, want hulle kan jou bloeddruk verder verlaag;
- kaliumaanvullings, kaliumbevattende soutvervangers en kaliumsparende diuretika (bv. spironolaktoon, triamtereen of amiloried);
- diuretika ("watertablette").

Voordat jy begin om enige nuwe medisyne (voorskrif of nie-voorskrif) te gebruik, of as jy enige nuwe mediese probleem ontwikkel terwyl jy **ABECARD** gebruik, lig jou dokter, professionele gesondheidsorgkundige of apteker daarvan in.
HOE OM ABECARD TE NEEM
Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met ander mense deel nie.
Neem **ABECARD** altyd presies soos jou dokter dit vir jou voorgeskryf het. As jy onseker is, vra jou dokter of apteker.
Die gewone dosis is
Hoë bloeddruk
Die gewone dosis is 1 x **ABECARD** 8 mg tablet een keer daagliks.
Die normale instandhoudingsdosis is 1 x **ABECARD** 8 mg of 1 x **ABECARD** 16 mg tablet een keer daagliks, vir die meeste pasiënte.
Jou dokter kan tot 32 mg een keer daagliks in sommige gevalle voorskryf.
Ongeveer 4 weke se gebruik van **ABECARD** kan nodig wees om jou bloeddruk onder beheer te kry. Hou aan om die medisyne te neem soos wat jou dokter voorgeskryf het, selfs al voel jy goed. Hoë bloeddruk het dikwels geen simptome nie.
Hartversaking
Die gewone dosis waarmee begin word is 4 mg (½ tablet **ABECARD** 8 mg) een keer daagliks.
Jou dokter kan jou dosis geleidelik verhoog tot 32 mg een keer per dag om te help om jou hartversaking te beheer.
ABECARD kan met of sonder kos geneem word, met 'n bietjie water. Neem jou **ABECARD** op dieselfde tyd elke dag.
Gebruik by swart pasiënte
Die bloeddrukverlagende uitwerking kan minder wees by swart as by nie-swart (Kaukasiese, Asiatiese en ander) pasiënte. Jou dokter kan bykomende medisyne, soos watertablette, voorskryf.
Gebruik by kinders
ABECARD is nie geskik vir kinders nie.
Duur van behandeling
Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling met **ABECARD** sal aanhou. Moenie die behandeling vroeg staak nie want jou bloeddruk sal nie meer beheer word nie.
Indien jy die indruk kry dat die effek van **ABECARD** te sterk of te swak is, lig jou dokter of apteker in.
Indien jy meer ABECARD neem as wat jy moet
In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
Neem hierdie pamflet en enige oorblywende tablette saam met jou, sodat die dokter weet wat jy geneem het.
Sommige van die simptome van oordosering is lae bloeddruk (jy kan duiselig, lighoofdig en siek voel) en veranderinge in die hartklop (verhoogde hartklop of dalk verlaagde hartklop).
Indien jy vergeet het van 'n dosis ABECARD, of dit oorgeslaan het
Dit is belangrik dat jy jou medisyne elke dag neem. As jy egter vergeet het om een of meer dosisse te neem, neem 'n dosis sodra jy daarvan onthou en gaan dan voort met die normale daaglikse dosis, soos voorgeskryf.
Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir oorgeslaande individuele dosisse nie.
MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
ABECARD kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir **ABECARD** aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy **ABECARD** neem, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgkundige.
Indien enige van die volgende gebeur, staak ABECARD, vertel jou dokter dadelik daarvan, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal
- galbulte, erge maagpyn, moeilike asemhaling, swelling van jou gesig, lippe, tong, of keel, duiseligheid of floute, buitengewoon vinnige of onreëlmatige hartklop. Dit kan tekens van angio-edeem wees.

As jy hierdie simptome het, het jy moontlik 'n baie ernstige allergiese reaksie op **ABECARD**. Jy kan dringende mediese aandag of hospitalisering benodig.
Lig jou dokter DADELIK in as jy die volgende tekens waarneem, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal
- hartaanval of angina pectoris ('n swaar, drukkende, branderige of benoude gevoel op die bors. Die pyn of ongemak begin gewoonlik agter die borsbeen);
- tekens van ontsteking van die lewer, soos koors, naarheid of geel vel en oë;
- minder uriene as normaalweg.

Al hierdie newe-effekte is ernstig. Jy kan dringende mediese aandag benodig.
Sê vir jou dokter as jy enige van die volgende waarneem
Die volgende newe-effekte kan dikwels voorkom
- tekens van herhalende respiratoriese infeksies soos sinus-aandoenings;
- hoë kaliumkonsentrasie in die bloed (hiperkalemie). Kontak jou dokter as jy siek of moeg voel, swak spiere het en tintelende sensasies ervaar. Hy/sy kan bloedtoetse aanvra om te weet of jy te veel kalium in jou bloed het;
- hoofpyn, duiseligheid of 'n ronddraaiende gevoel;
- te lae bloeddruk (sommige tekens kan lighoofdigheid, duiseligheid en floute wees).

Die volgende newe-effekte kom minder dikwels voor
- verminderde aantal witbloedselle (jy kan agterkom dat jy gereeld infeksies kry);
- maklike of oormatige bloeding weens 'n lae bloedplaatjietelling;
- rugpyn, spierpyn, pynlike gewrigte of jig (sommige tekens kan 'n gevoel van warmte, pyn, swelling en uiterste teerheid in 'n gewrig, gewoonlik in 'n groottoongewrig, wees);
- te lae natriumsout-konsentrasie in jou bloed ('n paar tekens kan wees dat jy siek voel, met 'n hoofpyn en spierspasmas en krampe. Jou dokter kan dalk bloedtoetse aanvra om te sien of jy hierdie tekort het);
- hoes, koors of seerkeel, toe neus;
- siek gevoel (naarheid);
- veluitslag.

Indien jy enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie pamflet vermeld word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.
BEWARING EN WEGDOENING VAN ABECARD
Hou buite bereik van kinders.
Berg in die oorspronklike verpakking (hou die stulpstroke in die karton), by of onder 25 °C.
Moenie jou medisyne in die badkamer aanhou nie.
Moenie **ABECARD** na die vervaldatum wat op die karton en stulpstroke gedruk is, gebruik nie.
Neem vervalde of ongebruikte medisyne terug na jou apteker om veilig daarvan ontslae te raak. Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.
AANBIEDING VAN ABECARD
Pakke met 28 of 30 tablette, verpak in deursigtige PVC/PVDC/Aluminium stulpstroke in 'n kartondoos.
IDENTIFIKASIE VAN ABECARD
ABECARD 8: Ronde, bikonvekse, ongeveer 8 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C8".
ABECARD 16: Ronde, bikonvekse, ongeveer 8 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C16".
ABECARD 32: Ronde, bikonvekse, ongeveer 10,5 mm in deursnee, wit tot naaswit tablette met 'n breeklyn aan die een kant en gebosseleer op dieselfde kant met "C32".
REGISTRASIENOMMERS
ABECARD 8: 46/7.1.3/0231; **ABECARD 16**: 46/7.1.3/0232; **ABECARD 32**: 46/7.1.3/0233
NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKATE
Lasara Traders (Pty) Ltd
Suite C, Rubenstein Ridge, 617 Rubensteinrylaan, Moreleta Park, 0181
BEMARK DEUR
Forrester Pharma (Pty) Ltd
13 Pasita Straat, Rosen Heights, Rosen Park, Bellville, 7530
DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNTINLIGTINGSBLAD
11 Junie 2015
LI0032/15A